

Mattheus 5:17-18

Jesus en die vervulling van die wet, en die boodskap daarin.

Ps-vooraf Ps 145: 1, 3

Ontmoetingsdiens.

Votum.

“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom?

Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”

Amen

Seëngroet

Gemeente van ons Here Jesus:

“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,

en die Here Jesus Christus

deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”

Amen.

Lofprysing – Ps 145: 4, 5, 6, 7

Geloofsbelydenis

Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Kom ons Luister na die Woord van die HERE in Eks 20:7

Psalm na die wet – Ps 86: 1, 6

Gebed om skuldbelydenis en verligting.

Woorddiens.

Die Woord spreek tot ons uit Mat 5:17-20

- *Verduidelik die drie punte van Jesus se Bergpredikasie.*
- *Ons is nou in die tweede punt*
- *Noem dat opsomming daarvan in die Basuin is.*

Psalm as antwoord op die Woord – Ps 119: 1, 11
Skrifverklaring.

Inleiding.

Geliefdes Tertulianus

hy leef hier tussen 155-240 nC in Kartoga in Noord Afrika¹

het gesê:

*"Net soos Jesus tussen twee rowers gekruising is,
net so word die Evangelie tussen twee dwalinge gekruisig."*²

Die een dwaling se naam is 'Wettisisme'

die ander-sin 'Antinomianisme'.

Dis moeilike woorde **en** gevaarlike dwalinge.

Deur-ie loop van-ie kerk se geskiedenis

het hulle altyd dissipels geteister en mislei weg van Jesus af.

So wat-s hierdie 'wettisisme' en 'antinomianisme'?

Verduidelik

I³ Wel antinominisme beteken anti-wet of teen-wet.

Dis ek en jy wat sê-at as ons gelowig word

ons-ie wet nie meer het nodig nie.

Jesus is genoeg Die leiding deur-ie Gees is genoeg.

¹ Vgl <https://en.wikipedia.org/wiki/Tertullian>

² Vgl Keller, Center Church, bl. 31

³ Vgl Horton, The Christian Faith – A systematic Theology for Pilgrims on the way, bl. 673; Jones, Antinomianism, bl. 31-32; Reformation study Bible bl. 1831

II⁴ Aan-ie ander kant is-aar wettisiste.

'n Wettisis is ek en jy

wat God se aanvaarding seek. Ons smag daarna.

En dan?

Wel ons probeer God se aanvaarding *verdien*
met wat *ons* doen.

Ons probeer God se ganade verlossing liefde
verdien met ons lewe volgens-ie wet.

So dis antinomianisme en wettisisme.

Altwee mislei ons weg van Jesus af.

En nou kom praat Jesus in **Mat 5:17-20** hieroor.

Verduidelik

I In **vers 17-18** verduidelik Jesus sy eie verhouding to-die wet.

II En dan ui-die lering wat Jesus in **vers 17-18** gee
maak Jesus dan toepassings⁵ vir ons in **vers 19-20**.

In **vers 19** wys Jesus: Nie antinominisme nie.

In **vers 20** wys Hy: Ook-ie wettisisme nie.

Nie een van hierdie dwalinge moet deel wees
van sy dissipels se nuwe lewe hier-en-nou in-ie wêreld nie.

Nou vanoggend gaan ons eers net stilstaan by **vers 17-18**.

⁴ Vgl Reformation study Bible bl. 1368, 1399

⁵ οὐν by ος εαν οὐν λυση μιαν των εντολων τουτων των ελαχιστων (**19a**) is 'n gevolgtrekkende voegwoord, wat 'n sinne inlei waarin Jesus vanuit vers 17-18 gevolgtrekkings maak van toepassing op sy dissipels (Greek Grammar beyond basics bl. 673; Ridderbos se Mat komm. bl. 105; Grosheide se Mat komm. bl. 56; Turnur se Mat komm. bl. 163; Nolland se Mat komm. bl. 221; Van Bruggen se Mat komm. bl. 94).

En Jesus se eie verhoding tot die wet
en hoe Hy-it vervul en wa-dit beteken en wa-dit vir ons sê.

Ons tema gaan dan ook wees:

Jesus en-ie vervulling van die wet en die boodskap daarin.

Toepassing

En hierdie is belangrike.

Dis partykeer bietjie ingewikkeld ook.

Ons gaan vanoggend regtig 'n klomp lering kry.

So on moet konsentreer.

Maar kom ons gaan ook regtig biddend hierop in.

Want Jesus gee hier belangrike lering en ook toepassings.

1. Kom ons kyk eerste na-ie Konteks.

Onthou Jesus is in **vers 17-18** in-ie tweede deel
van sy Berg-predikasie.

Die tweede deel begin-aar in **vers 13**.

Verduidelik⁶

En in-ie tweede deel van sy Berg-predikasie is Jesus mos besig
om sy dissipels te leer
oor ons radikaal nuwe lewe hier-en-nou in-ie wêreld.

Opmerking

Wel dis-ie konteks.

Maar nou kom Jesus in **vers 17** en Hy sê:

"Moenie dink dat Ek gekom het

⁶ Vgl Mat 5,1-2 en 7,28-29.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

om die wet of die profete te ontbind nie."

Verduidelik⁷

As Jesus hier praat oor- "*ie wet of-ie profete*"

dan praat Hy van-*ie OT*.

Die *wet* is-*ie eerste vyf boeke*. Genesis tot Deuternomium.

En-*ie profete* he-*die res van-ie OT saamgevat*.

En dis hoe daar baie maal in-*ie NT* en ook deur Jesus
oor-*ie OT* gepraat word.

Opmerking

Kyk-aar in-*ie Basuin* is 'n klompie teks-verse wa-dit uit wys.

Wat nou belangrik is as Jesus in **vers 17**

hier in-*ie tweede deel van sy Berg-predikasje*

van-ie wet of-ie profete of dan-*ie OT* praat

is-a-*die res van Mat 5* en ook **hoofstuk 6&7** ons wys

da-dit vir Jesus hier veral oor-*ie gebooie* van-*ie OT* gaan.

Of-*ie opdragte in-ie OT*

wat oor ons lewe van oorgawe aan-*ie HERE* gaan.⁸

So hoekom sê ek so?

Verduidelik

Wel dis mos waarmee Jesus in-*ie tweede deel*

van-*ie Bergpredikasje* besig is.

Jesus gee hier lering

⁷ Vgl TDNT vol 4 bl. 1059; France se Mat komm. bl. 181; Vgl ook **Mat 7:12; 11:13; 22:40; Luk. 16:16; 24:26-27, 44; Hand 24:14; 28:23; Rom 3:21**.

⁸ Vgl TDNT vol 4 bl. 1059; Nolland se Mat komm. bl. 218; Turnur se Mat komm. bl. 162; Ridderbos se Mat komm. bl. 104

oor ons nuwe lewe van oorgawe aan-ie HERE.

En as Jesus dan in **vers 17** praat oor-ie OT dan gaan-it vir Jesus oor wa-die OT sê oor ons lewe vir-ie HERE.

Bewys

Kyk hoe sien mens-it raak in **Mat 7:12**.

Mat 7:12 is reg aan-ie einde van-ie tweede deel van Jesus se Berg-predikasiae.

Jesus sê-da:

*"Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet **doen**, net so moet julle aan hulle ook **doen**; want **dit is die wet en die profete.**"*

Dis wa-die HERE in-ie OT van ons eis.

Sien julle Jesus se fokus?

Dit gaan oor wa-die OT sê oor ons lewe van oorgawe aan-ie HERE en dan inhou ook-ie dien van ons naaste.

En nou kom Jesus in **Mat 5:17** en Hy sê:

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete (die OT) te ontbind nie."

Of-ie OT-gebooie vir ons dien van-ie HERE ontbind het nie.

Verduidelik⁹

Daai *ontbind* kan ons ook vertaal met iets soos

⁹ Vgl Baljon bl. 501; France se Mat komm. bl. 182.

'afskaf' of 'ongeldig verklaar' of 'nie meer van toepassing nie'.

So wat Jesus in **vers17** sê is:

'Moenie dink dat Ek gekom het
om-ie OT en-ie gebooie vir hoe julle moet lewe af te skaf nie
of ongeldig te verklaar nie of om te leer
da-die OT nie meer op julle van toepassing is nie.'

Oorgang

So nou-sie vraag:

Hoekom sê Jesus hierdie juis hier in-ie Berg-predikasie?

2. Nou met hierdie vraag

kom ons by nog 'n stuk **Konteks**.

So kom ons gaan daarop in.

A. In **vers 13-16** waarby ons nou-al was

leer Jesus sy dissipels mos

wie ons hier-en-nou in-ie wêreld is.

Ons is sout en lig.

Verduidelik¹⁰

Soos sout

moet ons-ie verrotting van hierdie sondige-wêreld tee-werk.

Soos sout

moet gesondmakend werk.

Soos sout

moet smaak gee in-ie swaarkry van 'n wêreld vol lyding.

¹⁰ Vgl Mat 5,14-16.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

Maar ons moet ook
soos sout in-ie OT baie maal gewys het op-ie HERE se oordeel
ook wys op-ie HERE se oordeel
wat kom oor `n lewe in sonde.

As lig moet ons Jesus uit-leef.
Vir Jesus wat **die** Lig is.

Opmerking

As Jesus Lig is dan-s Hy-ie Een wa-die Koninkryk bring.
Hy-sie Een wat kenis van-ie HERE bring.
Hy-sie Een wat ware verlossing bring.

B. So hoe kom ons by sout-wees uit?

Hoe kom ons by lig-wees uit?

Hoe leef ons Jesus in-ie wêreld uit?

Verduidelik¹¹

Nie uit ons eie nie.
In ons self is ons nie lig nie. Ook-ie sout nie.
In ons self is ons net so duister en verdorwe-verrot
soos almal om ons.

So hoe dan?

Verduidelik¹²

Wel ons kan sout-wees en lig-wees
alleen as Jesus uit genade alleen in ons is en ons in Jesus

¹¹ Vgl Heidelbergse Kategismus Sondag 2-3.

¹² Vgl Mat 5, 14-16.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

As ons deur-ie geloof en deur-ie Gees met Jesus verenig is.

Bewys

Joh 15:5 sê Jesus: *"Ek is die wynstok, julle die lote."*

Want *"sonder My kan julle niks doen nie."*

En hoe gebeur-it prakties

dat Jesus so in ons bly en ons in Hom?

Verduidelik¹³

Wel dit het ons nou al

keer op keer in Jesus se Berg-predikatie gesien.

Dit gebeur as Jesus uit genade alleen deur sy Gees

die eerste punt van sy Berg-predikatie in **Mat 5:3-12**

in ons herte werklikheid maak.

I Sodat ons kan besef

hoe arm van gees ons is

hoe geestelik bankrot ons is

hoe totaal verlore ons is

hoe groot ons sonde-skuld is.

En ons dan me-daaï bankrotskap na Jesus toe bekeer

en Hom smeek vir verlossing uit genade.

Jesus sê dan vir jou:

"Salig is die wat arm van gees is,

want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."

¹³ Vgl Mat 5:3-16 preke by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

Opmerking

Nie omdat jy-it verdien met wat jy doen nie of het nie.
Nee dis omdat Jesus sondaars wat Hom toe bekeer
uit genade alleen
laat deel in-ie seën-en-verlissing van sy Koninkryk.

Dis **vers 3**.

II Maar dan doen Jesus nog iets.

Daar by Hom laat Jesus ons besef
dat ons geregtigheid kort.

Jesus laat ons honger en dors daarna.

Opmerking

Daai geregtigheid is mos 'n lewe van reg-doen.
Dis 'n lewe van heiligmaking.
Dis 'n lewe van radikale oorgawe in liefde aan-ie HERE.
Van nature het ons-it nie.

Maar Jesus laat ons-it besef.

Hy laat ons smag daarna.

En ons?

Wel ons begin honger en dors daarna.

En dan sê Jesus in **vers 6**:

*"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid,
want hulle sal versadig word."*

En Jesus doen-it. Hy versadig ons.

Hy maak ons vol met Homself. Hy kom woon in ons.¹⁴

¹⁴ Efes 3:17

Hy kom leef sy lewe van geregtigheid in ons
sodat ons soos Paulus in Gal 2:20 kan sê:

*"Ek is met Christus gekruisig,
en ék leef nie meer nie,
maar Christus leef in my."*

En so word Jesus se lewe al meer ons lewe.
Al meer kry Jesus in ons gestalte
sê Paulus in Gal 4:19.

* * * * *

Nou dis-ie enigste manier
hoe ons kan deel in-ie seën-en-verlossing van-ie Koninkryk.
Dis ook-ie enigste manier
hoe ons sout kan wees en lig kan wees.

Dis uit genade alleen deur Jesus alleen
wat in ons kom woon
en ons laat deel in sy verlossing uit genade alleen
en in sy lewe van radikale oorgawe aan-ie HERE uit genade alleen.

Oorgang

Nou me-dit alles het ons gekom by **vers 16**
in Jesus se Berg-predikasie.
En nou-sit op hierdie punt dat Jesus in **vers 17** sê:
*"Moenie dink dat Ek gekom het
om die wet of die profete (die OT) te ontbind nie ..."*

So hoekom is-it vir Jesus so belangrik
om hierdie juis hier te sê?

3. Wel kom ons gaan daarop in.

Op-ie **belangrikheid** van wat Jesus hier in **vers 17** sê.

En dan-sit belangrik

omda-dit **op hierdie punt** in Jesus se Berg-predikasie is

dat daai twee dwaalleraars Wettisis en Antinomianis

allerhande goed begin uitdink uit wat Jesus leer

en allerhande goed begin sê en doen.

Verduidelik¹⁵

Daa-in-ie tyd toe Jesus sy Berg-predikasie preek

he-die Wettisiste ui-die geledere van-ie Fariseërs gekom.

Opmerking

Onthou wettisiste is mos-ie ouens

wat sê-at jy God se genade en liefde en aanvaarding

verdien met wat **jy** doen.

Dis hoe Fariseërs ook is.

Daarom was Jesus se prediking vir hulle

net totaal onaanvaarbaar.

Hulle sê:

'Jy verdien met jou goeie lewe volgens-ie OT-gebooie

volgens **ons** verduideliking daarvan

en **ons** gebruike en traissies wat ons byvoeg self uitgedink het

God se genade en jou deel-hê aan die seën-en-verlossing van die Koninkryk.'

¹⁵ Vgl Ridderbos se Mat komm. bl. 104; France se Mat komm. bl. 178, 181; Lange se Mat komm. bl. 108-109; Turnur se Mat komm. bl. 162; Greek Grammar Beyond basics bl. 457

Jesus sê:

"Salig is die wat arm van gees is

wat besef hoe bankrot hulle is

wat besef hoe vol sondeskuld hulle is

wat besef dat hulle niks kan verdien-ie

*want aan **hulle** behoort die koninkryk van die hemele."¹⁶*

Jesus sê:

"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid

wat besef dat hulle dit nie het nie

wat besef dat hulle geen goeie lewe

van oorgawe aan-ie HERE het nie

*want **hulle** sal versadig word."¹⁷*

So Jesus leer dis alles genade.

Ons verdien niks nie.

Ons kry alles verniet uit genade.

En nou kom die anklag van-ie Fariseërs die wettisiste:

'Jesus Jy maak-ie OT-gebooie ongeldig.

Jesus Jy-s besig om te leer

dat ons dit nie meer nodig het nie.

Jy's 'n ketter Jesus.'

'Want volgens **ons** leer wat beslis die waarheid is

moet jy jou plek in-ie Koninkryk verdien

met jou lewe volgens-ie OT-gebooie.'

¹⁶ Mat 5:3

¹⁷ Mat 5:6

Aan-ie andrekant is-aar-ie Antinomianiste.

Hulle skree: 'Hoera!'

*Verduidelik*¹⁸

Want vir hulle beteken wat Jesus hier leer:

*"julle is nie onder die wet nie,
maar onder die genade."*¹⁹

So ons het nie meer-ie wet nodig nie.

Nie vir ons nuwe lewe vir-ie HERE nie.

Ook-ie vir sout-wees en lig-wees nie.

Want Jesus leef nou in ons. Sy Gees lei ons.

En dis genoeg.

So 'Dankie Jesus! Dit lyk jou werklik waar
asof U nou uiteindelik die OT
en al die gebooie daarin af geskaf het.'

En dis hoekom Jesus op hierdie punt in sy Berg-predikasie

hier in **vers 17** vir-ie Wetisiste en-ie Antinomianiste sê:

*"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete
die OT en die gebooie daarin
te ontbind nie."*

Oorgang

So hoekom nie?

Wel dis waaroor Jesus nou verder gaan preek.

¹⁸ Vgl France se Mat komm. bl. 182; Turnur se Mat komm. bl. 158-159; Lloyd-Jones, Studdies in the Sermon on the Mount, bl. 201.

¹⁹ **Rom 6:14**

4. En kom ons fokus nou daarop.

Op **Jesus se lering**

oor wat **Hy *nie* met die OT doen nie**
en wat Hy *wel* daarmee doen.

A. Kyk-aa-in **vers 17** sê Jesus:

*"Ek het nie gekom om te ontbind nie,
maar om te vervul."*

Verduidelik

So dis wat Jesus met die OT doen.
Hy skaf-it nie af nie. Verseker nie.²⁰

Nee Jesus vervul-it.

Verduidelik²¹

Nou wanneer Jesus-ie OT en-ie gebooie daarin vervul
dan beteken-it Jesus maak-it vol.

Dit beteken:

Jesus bring dit wa-die HERE me-die OT
en-ie gebooie daarin bedoel tot sy volheid.

Dit betekn:

Jesus doen wat in die OT staan.

Dit beteken:

Jesus laat dit wat in-ie OT staan
in totale volmaakte volkomenheid gebeur.

²⁰ Die herhaling van ἦλθον καταλυσαι in **17b&c** beklemtoon hierdie waarheid baie sterk (Jordaan, Binnewerk van die Griekse taal, bl. 114).

²¹ Vgl NIDNTT vol 1 bl. 738; Beale&Carson, Commentary on the New Testament use of the Old Testament, bl. 20; Van Bruggen se Mat komm. bl. 93; France se Mat komm. bl. 182, 185; Lloyd-Jones, Studdies in the Sermon on the Mount, bl. 190.

B. In **vers 18** verduidelik²² Jesus verder.

Jesus sê daar:

"Want voorwaar Ek sê vir julle ..."

Verduidelik²³

En met hierdie *"voorwaar Ek sê vir julle ..."* sê Jesus:

'Luister wat nou kom staan regtig vas.

Dis absolute waarheid.

En Ek self is die waarborg hiervoor.

Ek die Seun van God. Ek die Messias.

Ek *"die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God."*²⁴

So Nee *"Ek het nie gekom om (die OT en-ie gebooie daarin) te ontbind nie, maar om te vervul."*

Want so verduidelik Jesus nou verder in **vers 18**:
"voorwaar Ek sê vir julle, voordat (of: totdat) die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet of nie een klein stukkie van die OT²⁵ ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."

b1. So sien julle wat sê Jesus?

Hy gee hier vir ons twee verduidelikings

²² γαρ by αμην γαρ λεγω υμιν (**18a**) kan redegewend, verduidelikend, of gevolgtrekkend wees (vgl. Greek Grammar beyond basics bl. 573-674). Ek kies hier vir 'n redegewende en verduidelikende funksie van γαρ (vgl. ook Morris se Mat komm. bl. 108; Nolland se Mat komm. bl. 219; Turnur se Mat komm. bl. 163; Grosheide se Mat komm. bl. 55)

²³ Vgl TDNT vol 1 bl. 337; Nolland se Mat komm. bl. 219; Grosheide se Mat komm. bl. 55; Riderbos se Mat komm. bl. 103

²⁴ Sê Openb 3:14.

²⁵ Vgl TDNT vol 4 bl. 1059

vir hoekom Hy nie die OT en-ie geboorte daarin afskaf nie.²⁶

Verduidelik²⁷

Die eerste is-at Hy nie die OT afskaf nie
want dis bedoel om in plek te bly en geldig te bly
want *"totdat die hemel en die aarde verbygaan,
sal nie een (stukkies van die OT) ooit verbygaan ... nie."*

Opmerking

Nou wanneer Jesus die Koninkryk in sy volheid gaan laat kom
dan weet ons sal-ie hemel en aarde
soos ons-it nou ken verbygaan.

Bewys

Hoor hoe praat Petrus daarvoor in 2Pet 3:10-13.

Hy sê:

*"Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag,
waarin die hemele met gedruis **sal verbygaan**
en die elemente sal brand **en vergaan**,
en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand ...
Maar ons verwag volgens sy belofte (van bv Jes 65:17 en Jes 66:22)
nuwe hemele en 'n nuwe aarde
waarin geregtigheid woon."*

Maar totda-dit gebeur totdat Jesus-ie volheid
van-ie Koninkryk op-ie nuwe aarde bring
staan die OT onveranderlik vas.
Tot dan sal *"nie een jota of een titteltjie*

²⁶ Die twee tyd-bysinne (**18b** en **18d**) (vgl. Greek Grammar beyond basics bl. 479) maak dat ek twee verduidelikings kry vir waarom Jesus nie die OT afskaf nie.

²⁷ Vgl TDNT vol 1 bl. 678, vol 2 bl. 682; NIDNTT vol 1 bl. 678; Turnur se Mat komm. bl. 163; Van Bruggen se Mat komm. bl. 93.

van die wet ooit verbygaan ... nie."

Opmerking²⁸

En selfs dan daarna so lyk-it my bly die OT vasstaan
want Pas 102 sê die aarde kan maar vergaan
maar die HERE se Woord bly vasstaan.

Dis Jesus se eerste verduideliking
vir waarom Hy "*nie gekom het
om die wet of die profete te ontbind nie.*"

b2. Maar nou gee Jesus in **vers 18** ook 'n tweede verduideliking
vir hoekom Hy nie die OT afskaf nie.

Kyk-aar staan:

*"Want voorwaar Ek sê vir julle,
voordat die hemel en die aarde verbygaan,
sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan
totdat alles gebeur het nie."*

Verduidelik²⁹

So hier's die tweede verduideliking.

Voordat nie alles

wat in-ie OT deur-ie HERE bepaal en beveel is

gebeur het nie

"sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan ... nie."

²⁸ Vgl **102:27; Jes 40:8; Mat 13:31; 24:35; Luk 16:17; 21:33**; Morris se Mat komm bl 109Nolland se Mat komm bl 219-220

²⁹ Vgl Van Bruggen se Mat komm. bl. 93; France se Mat komm. bl. 182, 185.

En hoe gaan-it alles **gebeur**?

Wel Jesus gaan-it laat gebeur
en so gaan Jesus die OT vervul
dit tot totale volmaakte volkomenheid laat kom.

Oorgang

So Jesus het verseker nie gekom
om-ie OT en-ie gebooie daarin af te skaf nie.
Nee nou in hierdie tyd
voor-ie volheid van-ie Koninkryk op-ie nuwe aarde kom
en ook daarna
bly die OT en-ie gebooie daarin vas staan.

En dan-sit juis nou in hierdie tyd
voor Jesus die volheid van die Koninkryk op-ie nuwe aarde laat kom
dat Jesus besig is om alles
wat in die OT staan te laat gebeur en so vervul.

Daarom dat Jesus nie gekom het
om die OT en die gebooie daarin af te skaf nie.
Nee Jesus het gekom "*om te vervul.*"

5. Maar wat hou hierdie vervullingswerk van Jesus in?

Hierdie vervulling van die OT en die gebooie daarin?
Wel kom ons gaan nou daarop in.

*Verduidelik*³⁰

Nou as Jesus sê:

³⁰ Vgl Ridderbos, De Komst van het Koninkrijk, bl. 267; Ladd, A Theology of the New Testament, bl. 124-125; Beale, A New Testament Biblical Theology – The Unfolding of the Old Testament in the New, bl. 805, 875, 954; France se Mat komm. bl. 185.

*"Ek het nie gekom om te ontbind nie,
maar om te vervul"*

dan beteken daai vervullingswerk van Jesus
dat ons nou nou dat Hy gekom het
die hele OT en die gebooie daarin
moet verstaan in die lig van Jesus se vervullingswerk.

Ons kan ook sê
dat Jesus se vervulling van-ie OT en-ie gebooie daarin
ons verstaan en doen van-ie OT en-ie gebooie daarin
moet beïnvloed.

Voorbeelde

I³¹ Byvoorbeeld:

Deel van die OT-gebooie is al die offer-wette
en die wetgewing oor die Tempel en die priesterdiens
en die wette oor die jaarlikse feeste
soos Pasga en Loofhutte fees.

So wat beteken Jesus se vervulling van hierdie OT-gebooie
vir ons verstaan en doen daarvan?

Wel Jesus het hierdie gebooie so vervul
dat Jesus ons dit nou na sy vervullingswerk nie meer hoef te doen nie.

Bewys

Heb 7-10 wys baie duidelik
dat die OT-Tempel en die offers en die priesters

³¹ Vgl Ridderbos, De Komst van het Koninkrijk, bl. 267; Beale, A New Testament Biblical Theology – The Unfolding of the Old Testament in the New, bl. 805, 873-874.

almal heenwysings was na Jesus
en sy verlossingswerk aan die kruis.

En dan sê Heb 10:18

*"Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is,
is daar **geen** offer meer vir die sonde nie."*

So Jesus het die offerdiens
en die Tempel en die priester-diens so vervul
dat dit nou nie meer aangaan nie.

En in Kol 2:16-17 sê Paulus:

*"Laat niemand julle dan oordeel
in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees
of nuwemaan of sabbat nie,
wat 'n **skaduwee** is van die toekomstige dinge;
maar die (werklikheid is³²) ... Christus."*

Wat vir ons sê dat Jesus al die OT-gebooië
oor feeste en spesiale sabbat-dae en rein en onrein kos
op so 'n manier vervul het
dat ons dit nie nou meer hoef te doen nie.

II³³ Jesus vervul ook die OT wette
wat eers gekeer het
dat dissipels uit verskillende volke van buite Israel
deel kan word van die HERE se een volk.

³² Vgl NAV

³³ Vgl Beale, A New Testament Biblical Theology – The Unfolding of the Old Testament in the New, bl. 873-874.

Bewys

Paulus skryf daaroor in Efes 2:14-15.

Hy sê "(Jesus) is ons vrede,

Hy wat albei

(gelowiges uit Israel en gelowiges uit ander volke)

een gemaak

en die middelmuur van skeiding afgebreek het

deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het,

naamlik die wet van gebooië

wat in insettinge bestaan;

sodat Hy, deur vrede te maak,

die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep."

III³⁴ Jesus vervul ook vir ons die OT en al die gebooië daarin so en dis so wonderlik dat ons wat eers daardeur aangekla en skuldig gehou is nou van daai aanklag en skuld en straf bevry is.

Jesus doen dit

deur vir ons in ons plek volmaak te leef

in lyn met die HERE se wet

en vir ons in ons plek die straf op ons sonde-skuld te dra.

Bewys

Paulus vertel byvoorbeeld daarvan

as hy in Gal 3:13 sê:

"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet

deur vir ons 'n vloek te word—

want daar is geskrywe (in Deut 21:23):

³⁴ Vgl Berkhof, Systematic Theology, bl. 269; Lloyd-Jones, Studies in the Sermons on the Mount, bl. 195-196.

Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang ..."

In Gal 4:4 sê Paulus

*dat "toe die volheid van die tyd gekom het,
God sy Seun uitgestuur het,
gebore uit 'n vrou, gebore **onder die wet**,
om die wat **onder die wet was**, los te koop,
sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang."*

* * * * *

IV³⁵ So wat beteken Jesus se vervulling
van die OT en die gebooie daarin vir die geldendheid
van die 10-gebooie vir ons lewe?

Wel hier is-it baie belangrik
dat ons ook moet weet dat Jesus
as Hy die OT vervul
ook Deut 18:15 vervul.³⁶

Daar in Deut 18:15 sê Moses:

*"n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is,
sal die HERE jou God vir jou verwek;
na Hom moet julle luister."*

En wat ons hieruit moet leer
is dat Jesus as Hy hierdie vervul
nou ons hoogste Profeet en Leraar is.

³⁵ Vgl Berkhof, Systematic Theology, bl. 358-360; Van Bruggen se Mat komm. bl. 94, 478; France se Mat komm. bl. 187, 1118-1119.

³⁶ Hand 3:22-23 wys-it vir ons.

Hy maak nou vir ons die HERE se wil bekend.

Niemand anders nie. Hy onderrig ons.

Hy is dus ook die Een wat ons sal wys
watter geboorie in die OT ons nou nog moet doen
en hoe ons dit moet doen.

Bewys

Daarom dat Jesus in Mat 28:19

vir sy apostels bevel gee en sê:

"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies,

en doop hulle in die Naam

van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;

*en leer hulle om alles te onderhou wat **Ek julle beveel het.**"*

So Jesus is nou ons wet-gewer.

Hy maak aan ons die wil van die HERE bekend.

Hy laat ons die OT reg verstaan.

Hy is ook die Een wat ons wys

watter van die OT-geboorie ons nog moet hou.

En in die res van die NT wys Jesus dit vir ons.

Jesus doen dit ook deur sy Gees en sy apostels.

V³⁷ En as ons deur die NT gaan dan sien ons

dat Jesus ons wys

dat die 10-geboorie steeds vir ons geld.

³⁷ Vgl Beale, A New Testament Biblical Theology – The Unfolding of the Old Testament in the New, bl. 872-873, 875.

Bewys

Hier in die Berg-predikasie doen Jesus dit
as Hy in **Mat 5:21-48** in gaan
op byvoorbeeld die 6de gebod
en die 7de gebod en die 3de en die 9de gebod.

En op die gebod van Lev 19:18
wat sê: *"jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

En as Jesus in Mat 6:33 leer
dat ons *"eers die koninkryk van God ... moet soek ..."*
dan's Jesus besig om lering te gee oor 'n God-gesentreerde lewe.
En in 'n God-gesentreerde lewe
gaan dit net mooi alles oor die 1ste gebod.

In Rom 13:8-9 wys Jesus ons ook deur Paulus
dat die 10-gebooie nog geld as Paulus daar sê:
*"Wees aan niemand iets skuldig nie,
behalwe om mekaar lief te hê;
want hy wat 'n ander liefhet,
het die wet vervul."*

*"Want dít:
Jy mag nie egbreek nie,
jy mag nie doodslaan nie,
jy mag nie steel nie,
jy mag geen valse getuienis gee nie,
jy mag nie begeer nie,
en watter ander gebod ook al,
word in hierdie woord saamgevat:*

Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

In 1Kor 7:19 sien ons hierdie waarheid ook.

Daar sê Paulus:

*"Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks,
maar die onderhouding van die gebooie van God."*

So die OT-besnydenis-gebod maak nie meer saak nie.

Jesus het dit vervul aan die kruis op so 'n manier
dat ons dit nie meer hoef te doen nie.

Maar wat gebly het is die gebooie van God
wat die HERE se 10-gebooie insluit.

In Efes 5:5 roep Paulus ons op
om radikaal te breek met afgodsdienste
Die eerste gebod.

In Efes 6:1-4 bind Paulus gelowige-dissipel-ouers
aan die 5de gebod.

In Heb 4 leer ons meer oor die 4de gebod.
Die Sabbat-gebod en hoe dit op ons van toepassing is.

So dis duidelik hê?

As Jesus die OT en die gebooie daarin vervul
dan doen Jesus dit so
dat die 10-gebooie steeds vir ons geld.

En daarby gee Jesus dan
as ons hoogste Profeet en leraar
vir ons die regte betekenis van hierdie gebooie.
En so vervul Jesus ook die OT en die gebooie daarin.
Hy maak dit vir ons vol met die volle betekenis.

Oorgang

So wat sê dit nou alles
vir ons praktiese elke-dag se dissipel-lewe?
Ons elke dag se sout-wees en lig-wees in die wêreld?

Wel as die HERE wil
sal ons lekker diep hierop ingaan
as ons by **vers 19-20** gaan stil staan.

6. Maar kom ons sluit af
deur tog so twee of drie **toepassings** uit Jesus se lering
hier in **vers 17-18**
oor hoe Hy die OT en die gebooie daarin vervul.

A. En dan dink ek dis duidelik hê?
Dit wat Jesus ons hier leer
wys ons die dwaling
van Antinomianisme is regtig 'n dwaling
dis verkeerd.

Dis verkeerd om te sê:
'Ek is nou 'n dissipel.
Ek is nou gelowig
en deur die geloof in Jesus is

en Jesus deur sy Gees in my.'

'So nou't ek nie die wet nie meer nodig nie.

Jesus is genoeg Die Ges is genoeg.

En in elkgeval Jesus het die wet afgeskaf.'

Dis nie reg nie.

Dis nie wat Jesus gedoen het nie.

*"Ek het nie gekom om te ontbind nie,
maar om te vervul."*

Dis wat Jesus hier in **vers 17-18** leer.

Dis wat Hy ook doen.

En dit hou in dat Jesus die OT en die gebooie daarin

so vervul dat die 10-gebooie nog steeds geld

en deel gaan wees

van ons radikaal nuwe lewe vir die HERE hier in 'n ou-wêreld.

En Jesus gaan die en wees

wat vir ons die regte betekenis en doen daarvan gaan gee.

Opmerking

En as ons by **vers 19** kom

gaan ons sien

watter skrikwekkende gevolge hierdie Antinomianisme

vir ons verhouding met God en met Jesus en met mekaar het.

Ons gaan sien

watter skrikwekkende gevolge dit het

op ons deel-hê an die seën-en-verlossing van die Koninkryk.

B. Maar net so skrikwekkend verkeerd is wettisisme.

Dis mos die ouens wat leer:

'Ek moet se aanvaarding *verdien* met wat *ek* doen.

Ek probeer God se ganade en verlossing en aanvaarding en liefde en my deel-hê aan die seën-en-verlossing van die Koninkryk verdien met my lewe volgens die wet.'

Jesus sê Nee!

"Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."

En daai vervul beteken heel eerste dat Jesus vir elkeen wat besef hoe arm van gees jy is hoe geestelik bankrot jy is hoe onbetaalbaar groot jou sondeskuld is in jou plek vir jou die wet volmaak nkom.

En in jou plek gee Jesus sy lewe vir jou aan die kruis
Jesus betaal jou sondeskuld
Jesus bevry jou van die aanklag en die vloek van die wet
*"deur vir ons 'n vloek te word—
want daar is geskrywe:
Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang."*

Opmerking

En as ons by **vers 20** kom gaan ons sien watter skrikwekkende gevolge hierdie wettisisme vir ons verhouding met God en met Jesus en met mekaar het.

Ons gaan sien watter skrikwekkende gevolge dit het
op ons deel-hê an die seën-en-verlossing van die Koninkryk.

C. Hier's `n derde toepassing.

Opmerking

Kom ons sluit daarmee af.

Dit gaan weer oor Jesus se vervulling
van die OT en die geboorte daarin.

En dis dat Jesus nie net
die OT 'offer-wette' en 'Tempel-wette'
en die wette wat gaan oor die priesters
en wette oor rein en onrein kos
en wette wat gaan oor die onderhouding van die pasga
en al die ander feeste
vervul nie.

Jesus vervul ook nie net die wet
deur dit vir ons en in ons plek volmaak na te kom
en vir ons en in ons plek die vloek van die wet dra
sodat ons voor God vry gesprek en regverdig kan staan nie.

Nee Jesus kom vervul die wet ook ***in ons***.

Hy kom doen die wet ook in ons.

Hy kom leef die wet in ons.

*Verduidelik*³⁸

Want wanneer ons werklik na Jesus toe bekeer

³⁸ Vgl ook **Rom 8:1-4**; Lloyd-Jones, *Studdies in the Sermon on the mount*, bl 197-198.

en in Jesus glo
dan woon Jesus deur die geloof in ons harte
sê Paulus in Efes 3:17.

Dan kan ons soos Paulus in Gal 2:20 sê:

*"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie,
maar Christus leef in my."*

In Gal 4:19 praat Paulus oor Jesus
wat al meer in ons **gestalte** kry.

Watter Jesus?

Verduidelik

Wel die Jesus wat volmaak die wet kom vervul het.

Die Jesus wat volmaak die wet leef.

Die Jesus wat ons hoogste Profeet en Leraar is
wat vir ons leer en wys
wat die wet werklik beteken
en hoe ons dit moet leef.

Daarom dat ons almeer by Hom wil leer
wat die OT en die gebooie daarin werklik beteken
en hoe ons dit moet verstaan
en hoe ons dit moet leef.

Daarom dat ons almeer
met Jesus in ons
al agter Jesus aan
die wet begin leef

soos Jesus dit in ons leef.

Slot

So vir wie doen Jesus hierdie?

Wie-s die ouens

in wie Jesus die OT en die gebooie daarin so kom vervul?

Doen Jesus dit in die wettiste?

Wel Nee.

Verduildeik

Want hulle dink nie hulle het dit nodig nie.

Hulle dink hulle kan-it self doen.

En dan sê Jesus in Mat 9:13

"Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie

En dan praat Jesus hier van wettisiste

wat dink hulle is regverdig

*maar **sondaars** tot bekering."*

Jesus kom vervul die wet ook nie so in antnominaiste nie.

Verduidelik³⁹

Want hulle wil niks weet van die wet nie.

En sonder die wet besef hulle nie

hoe nodig hulle Jesus deur hulle hele lewe het nie.

Want deur die wet is die kennis van sonde

sê Paulus in Rom 3:20.

³⁹ Vgl Heidelbergse Kategismus Sondag 44 v/a 115

Nee Jesus kom vervul die OT en die gebooe daarin
in elkeen in wie se lewe Hy deur sy Gees
die eerste punt van sy Begpredikasie daar in **Mat 5:3-10**
werklikheid kom maak.

Verduidelik

Sodat jy besef
hoe arm van gees jy is
hoe geestelik bankrot jy is
hoe groot jou sondeskuld is.

Sodat jy besef
dat jy Jesus nodig het
om jou skuld en straf te dra
dat jy Jesus nodig het
om in jou sy lewe van radikale oorgawe aan die HERE te leef
sodat jy al meer `n lewe kan leef
van ware doen van die HERE se gebooe.

Amen.

Antwoorddiens

Psalm as antwoord op die Woord – Ps 119: 1, 11

Gebed

Barmhartigheidsdiens

Ps-kollekte Ps 37: 1, 2, 3, 5

Slotsang Ps 25: 2, 4, 6

Wegstuurseën.

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

“Die genade van die Here Jesus Christus

en die liefde van God

en die gemeenskap van die Heilige Gees

sy met julle almal!

Amen.